SA AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS
086 133 3786
akademie@akademie.co.za
www.akademie.co.za
Ziervogelstraat 574, Arcadia, Pretoria, 0083

AFRIKAANS AMPTELIK 100

VIR WETENSKAP EN KUNS
STIGTINGSJAAR 1909

**12 September 2025**

# MEDIAVERKLARING

## (vir onmiddellike vrystelling)

## Simposium wys Afrikaans se krag as wetenskapstaal

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SA Akademie) het op 11 en 12 September 2025 hul jaarlikse Algemene Simposium in Stellenbosch aangebied met die tema: *Afrikaans – 100 Jaar Amptelik: Verlede, Hede, Toekoms.*

Die byeenkoms was 'n kragtige tentoonstelling van die beoefening van Afrikaans as wetenskapstaal en het vooraanstaande akademici, skrywers, opvoedkundiges, regsgeleerdes, filosowe, kunstenaars en natuurwetenskaplikes byeengebring.

Die volgende referate is gelewer:

- **Prof Joan Hambidge** – *Die volhoubaarheid en veelstemmigheid van Afrikaans: NP van Wyk Louw se "Groot Ode"*
- **André du Plessis, dr Phillip Louw en dr Gerda Odendaal** – *Die eerste eeu van die WAT*
- **Monique Rabé en Suléne Pilon** – *Die ontwikkeling van die Standaardafrikaanswoordeskat aan die hand van die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (1917-2017): tendense van die afgelope eeu*
- **Prof Michael le Cordeur** – *Moedertaalgebaseerde tweetalige onderwys (MTGTO): Dalk die oplossing vir Suid-Afrika se geletterdheids- en syferkundigheidsprobleme?*
- **Prof Michele van der Merwe** – *'n Besinning oor die Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit Stellenbosch se bydrae tot Afrikaans-taalonderrig (1925-2025)*
- **Prof Johan Beckmann** – *Inheemse Afrikaans se eenhonderd jaar as amptelike onderwystaal: verlede, hede en toekoms in die lig van taaldiskriminasie*
- **Prof Jacques du Plessis** – *Die toekoms van Afrikaans as vreemde taal*
- **Dr Jaco Deacon** – *Afrikaans amptelik 100: Gaan Afrikaanse skole die volgende 100 jaar nog bestaan?*
- **Dr Hercules Boshoff** – *Taal as voegsame verantwoording op die werklikheid*
- **Prof Pieter Verster** – *Bybelvertaling en Afrikaans: Psalm 23 en die Ons Vader-gebed in verskillende vertalings*

- **Prof Pieter Duvenage** – *Honderd jaar Afrikaanse filosofie in Suid-Afrika*
- **Prof Koos Malan** – *Afrikaans het verval as amptelike taal*
- **Dr Dave Pepler** – *Lirisme en sintaksis: Afrikaans as wetenskapstaal*
- **Prof Hannes Rautenbach** – *Die rol van Eugène Marais in die inlywing en uitbeelding van die natuurwetenskappe in die Afrikaanse taalruimte*
- **Dr Marina Joubert** – *Barnard, Vosloo en Koen as ikone van Suid-Afrikaanse hartchirurgie*
- **Dr Inge Engelbrecht** – *Wie se taal is dit nou eintlik? "Die koortjie undercommons" as 'n gevallestudie vir die evolusie van Afrikaans*
- **Dr Wayne Muller** – *Opera in Afrikaans: die vertaling en komposisie van opera as strategie vir die bevordering van Afrikanernasionalisme en 'n "Afrikaanse identiteit"*
- **Dr Deléne Human** – *Gesluierde beelde: kuns, mag en verset in apartheid-Suid-Afrika*
- **Strijdom van der Merwe** – *Landkuns en Afrikaanse digkuns: 'n sensoriese emosionele ervaring*

Hierdie uiteenlopende bydraes het die volhoubaarheid, kompleksiteit en veelstemmigheid van Afrikaans belig en bevestig dat dit steeds 'n dinamiese en veerkragtige wetenskapstaal is.

Die SA Akademie sal voortgaan om Afrikaans as wetenskapstaal uit te bou en sien terminologie-ontwikkeling as 'n kernstrategie om die taal se volwaardige rol in die wetenskap en die kunste vir die volgende eeu te verseker.

**Dr. Annelise de Vries**
Hoof- Uitvoerende Beampte
Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Tel.: 084 554 7290
E-posadres: annelise.devries@akademie.co.za
https://www.akademie.co.za/